

Maranata – Die Here kom



Is ons besig om met 'n verwagting te leef!!!



Created by Mareesha D.S. © 2008

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Die “Woord” van God!

Leef elke dag saam met Jesus!



Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

Luk 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees;

Luk 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

Joh 14:12 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



'n Oproep om God te prys

Psa 100:1 'n Psalm. By die lofoffer. Juig voor die HERE, o ganse aarde!

Psa 100:2 Dien die HERE met blydschap; kom voor sy aangesig met gejubel.

Psa 100:3 Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.

Psa 100:4 Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam.

Psa 100:5 Want die HERE is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.



- **Waarom aanbidding?**

- Aanbidding is tot God gerig, ons aanbid nie om te ontvang nie maar om 'n lofoffer aan God te gee.
- Aanbidding is 'n offer uit die hart. 'n Offer wat uitgedruk moet word deur verwondering, lofprysing, blydschap en danksegging.
- Aanbidding is 'n liefdesverklaring as gevolg van 'n verhouding met God (Ons erken dat God ons God is, ons is syne)
- By aanbidding moet daar 'n ontmoeting wees tussen God en Sy mense (Ons gaan hier Sy voorhowe in – Op die plek kom waar ons n ontmoeting met God kan he)
- Ons as God se mense moet weet dat ons liggame tempels is van die Heilige Gees, waarin daar gereeld aanbidding moet plaasvind, maak nie saak waar ons beweeg of onself bevind nie God wil altyd aanbid word – en God wil he, ons moet weet dat Sy goedheid vir ewig is en dat Hy getrou sal bly van geslag tot geslag vir die vir wie Hy n God is.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN





LUKAS – Beskryf vir ons meer die menslike kant van Jesus – Jesus as die barmhartige Redder!

1. Jesus het as mens in die krag van die Heilige Gees geleef
2. Jesus was die goeie nuus van blydschap vir alle mense
3. Jesus die goeie nuus vir die armes
4. Lukas – Jesus as die evangelie van sekerheid.

Luk 1:1 Aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is,

Luk 1:2 soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het,

Luk 1:3 het ek ook dit goedgevind, hooggeagte **Theófilus**, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe,

Luk 1:4 sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



LUKAS – Beskryf vir ons meer die menslike kant van Jesus – Jesus as die barmhartige Redder!



Die Naam Theofilus (friend of God) (loved by God)

Wat ons kan aflei is dat Theofilus n geeerde man was.

Romeinse offesier, hoogerangde regerings amptenaar in die Romeinse regering, n ryk man met baie invloed in Antiochie wat in Lukas en Paulus se sendingreise voorsien het en daarom het Lukas vir Theofilus noukeurige terugvoering gegee oor waarmee hy en Paulus besig was, Romeinse prokureur wat Paulus verdedig het in sy saak in Rome en sodoende het hy al die inligting vir Theofilus so noukeurig as moontlik neergepen ter verdediging van christenskap, as die teorie reg is het Lukas hierdie briewe geskryf om Paulus wat aangela is te verdedig.

Terwyl die teorie moontlikhede was, blyk dit dat Theofilus n hoe gerangde of invloedbare heiden was vir wie Lukas n volledige en noukeurige brief wou gee oor die geskiedenis van die Jesus Christus om die ewangelie te verkondig en oor te dra in die Romeinse ryk. So ons weet nie regtig wie Theofilus is nie, wat ons wel kan se is dat Lukas noukeurig ondersoek gaan instel het oor alles wat onder hulle vervul was.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Hoe lyk my en jou lewe voor God!

Luk 1:15 want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af.

2Ti 2:15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.

1. Lê jou daarop toe –
2. toe om jou beproef voor God te stel
3. as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie
4. wat die woord van die waarheid reg sny.

LUKAS – Die Geboorte van Jesus word aangekondig. Lukas 1:26-38

Luk 1:26 En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,

Luk 1:27 na '**n maagd wat verloof** was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.

Luk 1:28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: **Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. Joh 14:21, Matt 5:3**

Luk 1:29 En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daarvoor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. (Sy was verwonder oor engel Gabriel se woord) **Deut 28:1**

Luk 1:30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, **want jy het genade by God gevind.**

Luk 1:31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

Luk 1:32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

Luk 1:33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

LUKAS – Die Geboorte van Jesus word aangekondig. Lukas 1:26-38

Luk 1:34 Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?

Luk 1:35 En die engel antwoord en sê vir haar: **Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu.** Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.

Luk 1:36 En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.

Luk 1:37 **Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.**

Luk 1:38 En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.

